# HOOFSTUK VII.

# O N D E R W Y S G E B O U E.

## 1. VROEËRE TOESTANDE.

Die huisvesting van skoolkinders is gedurende die pioniersjare hoofsaaklik aan plaaslike ondernemingsgees oorgelaat. Op die Groot Trek het die watent en die kampvuur later vir die hartbeeshuisie plek gemaak en toe die dae van die rondtrekkende skoolmeester deur meer permanente reëlings vervang is, het die huisvesting na 'n waenhuis of 'n selfgeboude skooltjie verskuif.

In 1865 is die „Algemene Kommissie vir die Onderwys," wat uit drie amptelike lede bestaan het, verantwoordelik gehou vir die oprigting van doelmatige geboue en die verskaffing van toebehore.[1]

In die tydperk 1872 tot 1877 toe Burgers president was, kon daar drie klasse skole onderskei word:[2] In elke veldkornetskap was daar een wykskool, in elke hoofplek van 'n distrik een distrikskool en in Pretoria 'n Gimnasie, later ook in Potchefstroom en daarna in ander stede en dorpe. Die skoolkommissies is vir die oprigting van die skoolgeboue en die verskaffing van ameublement en ander toebehore verantwoordelik gehou. Die regering het slegs 'n toelae in verhouding met die aantal leerlinge toegestaan. Die superintendent moes oor die geskiktheid van die skoollokale besluit.

Onder die daaropvolgende Engelse bestuur vanaf 1877 tot 1881 is die voorsiening van alle onderwysgeriewe aan die staat opgedra.[3] Die 1880-onderwysverslag van die

---

1. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 29.
2. Ibid, 39....
3. Ibid, 42....

Superintendent het aanbeveel dat die staat sy eie skoolgeboue moes oprig, sodat dit nie nodig sou wees om die kerk se geboue te gebruik nie. Hierbenewens is die noodsaaklikheid van goeie skoolgeboue en onderwyserswonings in 'n blywende skoolstelsel beklemtoon.

In die tydperk wat die Tweede Vryheidsoorlog voorafgegaan het en wat as 'n tydperk van bloei beskou kan word, is die ouers vir die onderwys van hul kinders verantwoordelik gehou. Onderwyswet No. 8 van 1892[4] het dan ook die oprigting van skoolgeboue en die bestuur van die skole aan die sorg van die skoolkomitees opgedra.

Na die Tweede Vryheidsoorlog is onderwys andermaal as staatsplig beskou[5] en:

> „..... as lokale moes gebruik word tente en allerlei afdakke...."[6]

Die terugkeer van die bevolking na die platteland en na hul vorige tuistes het werklik moeilike vraagstukke vir die Administrasie meegebring.

> "There were practically no school buildings available, ....... Some time had to pass before ...... the Government could accomplish the transition in regard to school accommodation from tents and temporary shelters to more permanent structures."[7]

2. SKOOL- EN SPEELTERREINE.

Die verkryging van terreine[8] vir opvoedkundige doeleindes het vanselfsprekend vraagstukke na vore gebring, omdat daar in die opmeting van plase, woongebiede, dorpe en stede nie voorsiening daarvoor gemaak is nie. Tensy die Onderwysdepartement die kaart en transport van 'n

4. Artikels 9 tot 45.
5. (i) Sargant: Ordonnansie No. 7 van 1903, artikel 1.
   (ii) Smuts: Wet No. 25 van 1907, artikels 3 tot 6.
6. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 73.
7. Duncan: T.O.D. Jaarverslag 1906, 1.
8. T.O.D. Jaarverslag 1908, 13.

betrokke perseel in sy besit gehad het, kon daar geen blywende akkommodasie verskaf word nie. Hierbenewens moes daar op ligging, bekombaarheid, grootte en aanverwante omstandighede gelet word.

> "It is clear on the one hand that the Government cannot put up good buildings save on a freehold site or a site held on a very long lease; it is well known on the other that the owner or owners will rarely agree to dispose of ground required for a school....."[9]

Eienaars van plase was wel gewillig om gebruikregte aan die staat toe te staan, maar dan kon die Onderwysdepartement slegs tydelike geboue oprig. Op die dorpe kon van kroongronde vir hierdie doel gebruik gemaak word. In 1903 is daar byvoorbeeld 111 persele[10] op 25 plekke in die Transvaal op die wyse verkry. Wanneer terreine aangekoop is, is die oordrag van die grond in die reël ten gevolge van wetlike prosedure heelwat vertraag.

Dikwels moes slegs beskikbare terreine geneem word, hoewel hulle nie altyd aan al die vereistes beantwoord het nie. Om die rede is die vereistes in verband met die grootte van die terrein so wyd soos moontlik gestel:

> "As much space as possible should be given to playgrounds."[11]

Later het die Malherbe-onderwyskommissie die volgende aanbevelings in verband met die grootte en gehalte van die skoolterreine aan die hand gedoen:

> "When the ground is being obtained for a school, the area taken in rural districts should not be less than from four to five morgen, while in the town it should not be less than that, except in special circumstances. In choosing the site, a sufficient portion of the

---

9. T.O.D. Jaarverslag 1907, 26 tot 27.
10. Ibid 1903, 13.
11. Ibid 1903, 95(17).

> ground selected should be suitable for school gardens and agricultural work in connection with the school. In several cases owners have presented ground to the Department, which should have been refused. It is rocky, bare, uneven and generally valueless."[12]

By die keuse van skoolpersele behoort daar, met die oog op die aanplant van bome, nie slegs met die aardrykskundige eienaardighede en klimaatsomstandighede van die streek rekening gehou word nie, maar die noodsaaklike vereistes in verband met die oprigting en die ontwerp van die geboue moet, met die oog op heersende en koue winde, steeds in ag geneem word.

Dieselfde verslag beveel voorts aan dat voldoende speel- en sportterreine by elke skool voorsien moet word. Indien dit nie verkry kan word nie, behoort daar tenminste vir gemeenskaplike terreine vir skole in dieselfde gebied reëlings getref te word. In díe opsig behoort die medewerking van stadsrade verkry te word, sodat hulle by wyse van hulle verordeninge daarvoor voorsiening kan maak. Voortgaande word aanbeveel dat speelterreine gelykgemaak en behoorlik gedreineer moet word.

In verband met die grootte van skoolterreine meen Adamson dat

> "..... two morgen, or thereabouts, ....."[13]

voldoende ruimte behoort te wees.

Een van sy grootste besware was die nodelose tydverspilling by die oordrag van grond vir skoolterreine. Die onderwyswet[14] was volgens hom nie doeltreffend nie en dit behoort so gewysig te word dat die staatsekretaris die nodige grond kon onteien deur slegs 'n kennisgewing in die Staatskoerant in dier voege te plaas.

12. Report of the Education Commission (1917), T.P. 1-1920, ∠36.
13. T.O.D. Jaarverslag 1908, 14.
14. No. 25 van 1907, 88.

> "It has happened that as much as two years have passed before a site could be acquired and the building begun, and through such long periods of delay disappointment becomes bitter."[15]

Adamson was ten gunste van groot en aantreklike sportterreine,[16] veral vir middelbare skole, omdat die gemeenskapslewe en die skool as sodanig nie behoorlik kan ontwikkel as die kinders nie saamspeel nie. Spele en liggaamlike oefeninge is veral gedurende die rypwordingsjare van die kind onmisbaar.

As die terrein verkry, die gebou voltooi, die grond gelyk gemaak, gedreineer en water voorsien is, moet daar met die aanlê van skooltuine en die aanplant van bome 'n begin gemaak word.

Die onderwysinspekteurs het egter in hulle rapporte dikwels daarvan melding gemaak dat bome en skooltuine nog nie die nodige aandag geniet het nie. Hierdie versuim is soms aan watergebrek, swak skoolomheining en die aard van die grond toegeskryf. Daar is egter ook verwys na 'n gebrek aan die nodige ondernemingsgees van die kant van die onderwysers.[17]

Adamson beskou terreinverfraaiing as vanselfsprekend omdat dit op regstreekse en onregstreekse wyse veel kan bydra tot die opvoeding van die kinders.

> "That the minds of the children will reflect and take on something of the order and symmetry of their environment is by no means the dream of the great philosopher of idealism."[18]

Die kind leer om die skone van die skool na die huis oor te dra. Dis nie 'n onbekende verskynsel dat die patroon van die skooltuin dikwels by die huis van die kind

---

15. T.O.D. Jaarverslag 1908, 14.
16. Ibid 1916, 14 tot 15.
17. Ibid 1913, 14.
18. Ibid 1906, 44.

aangetref word nie. Die waardering van 'n skooltuin is dikwels die oorsaak dat openbare tuine nie vir kindervandalisme uitgekies word nie. Hierbenewens is dit van belang in die sedelike ontwikkeling van die kind.

> "And beauty does not remain with itself so to say; it passes over into morality very easily."[19]

3. ALGEMENE VOORUITGANG.

Die Onderwysdepartement het permanente, tydelike en gehuurde geboue in gebruik geneem.

Tot in 1930 is die volgende beleid in verband met die oprigting van permanente geboue gevolg:[20] Nadat die Administrasie oor die oprigting van 'n gebou besluit het en die standplaas daarvoor verkry is, is die hele saak vir uitvoering aan die Departement van Publieke Werke toevertrou. Die Administrasie het slegs die planne goedgekeur en die boukoste betaal. Die gemelde departement was verantwoordelik vir die bouplanne, spesifikasies en hoeveelheidsopnames, die uitskryf en aanbeveling van tenders en die toesig oor die gebou totdat dit voltooi is.

Die Malherbe-Onderwyskommissie[21] het gemeen dat privaat argitekte gevra moes word om die prysopgawes op te stel en bepaalde skoolgeboue op te rig. Die Administrasie sou dan, wanneer 'n skoolgebou opgerig moes word, slegs 'n argitek in diens neem, die opdragte uitreik, bouplanne en spesifikasies goedkeur en 'n kontrak met hom aangaan. Na 1930 is daar gedeeltelik tot so 'n reëling oorgegaan.

Daar is twee soorte tydelike geboue in gebruik geneem, hout-en-sink geboue en knapgeboue wat uit groot plat voorafbereide en gewapende betonstene bestaan het.

19. Adamson: Toespraak, 1 April 1919. T.O.D. Jaarverslag 1918, 217.
20. Verslag van die Provinsiale Onderwyskommissie (1937),
21. Bladsy 83, aanbeveling 71. /195.

Die gehuurde geboue wat betrek moes word, was gewoonlik onbevredigend en ondoeltreffend, omdat hulle oorspronklik vir alles behalwe opvoedkundige doeleindes gebou is.

Hoewel Adamson sedert sy indienstreding 'n opdraande stryd moes voer in verband met die voorsiening van geboue en terreine, het hy tog nie vir hierdie brandende vraagstuk teruggedeins nie:

> "Capital expenditure on the provision of school buildings is one of the best investments a colony can make, ..... It is as unwise for a Government to be careful with regard to the provision of schools when a country is young, as it is unwise for a father to be niggardly about his son's education. There cannot be too much education, any more than there can be too much light or too much air. The question of economy does not arise....."[22]

Hy het hom steeds beywer vir behoorlike en doeltreffende geboue.

> "..... they have been built of good and durable material; their external features are attractive; inside they are spacious and airy; and they have been commended by experts in hygiene and experts in education."[23]

Teen 1910 was die laerskoolgeboue dan ook reeds gestandaardiseer en is geboue vir 48, 64, 80, 100, 125, 175, 210, 300, 400 en 500 kinders onderskeidelik sonder vertraging gebou.[24]

> "A school is a mental or spiritual entity in essence, of course, but its embodiment is suitable classrooms, laboratories, and playing-fields is a first condition of its effective existence and development."[25]

22. T.O.D. Jaarverslag 1910, 31.
23. Ibid 1910, 26.
24. Sketsplanne: T.O.D. Jaarverslag 1910, 368....
25. T.O.D. Jaarverslag 1920, 12....

(a) Laeronderwys.

(i) Platteland.

Die voorsiening van onderwysgeriewe en geskikte skoolgeboue in die onontgonne, uitgestrekte en dunbevolkte Transvaalse platteland was, na 'n verwoestende oorlog, nie 'n maklike taak nie. Van permanente geboue was daar aanvanklik geen sprake nie en selfs in 1917 kon die toestande nog nie as heeltemal bevredigend beskryf word nie.

> "The 'bad' buildings include old dwelling houses, stores and waggon houses."[26]

Die onderwyswet het laeronderwys egter gratis maar verpligtend gemaak. Ten gevolge hiervan en van die sentralisasiebeleid, moes die behuisingsvraagstuk ernstige aandag geniet het. Adamson was die mening toegedaan dat die Onderwysdepartement in samewerking met die skoolrade direkte verantwoordelikheid vir die oprigting van plattelandse skoolgeboue behoort te aanvaar.[27] Die moeilikhede verbonde aan die verkryging van gratis erfpagstandplase vir skole en die swak gehalte van geboue wat op huurreggrond betrek moes word, het hom tot die slotsom laat kom, dat die vraagstuk slegs op een van twee maniere opgelos kan word:

> "..... either the buildings must be put up by the Public Works Department on freehold or long-lease site, or they must be put up by the owner in accordance with approved plans and specifications, and if satisfactorily completed, rented by the Government."[28]

Ten gevolge van die sentralisasie-beleid is 'n groter soort plattelandse skoolgebou opgerig en namate hierdie beleid met welslae bekroon is, is die klein en

---

26. Linney: Provinsiale Onderwyskommissie (1917), 1920, 32.
27. Geboue verbindingsvorm E.D. 78. T.O.D. Jaarverslag 1906, 171.
28. T.O.D. Jaarverslag 1907, 27.

ondoeltreffende geboutjies met groter sentrale skole vervang. In 1908 is daar byvoorbeeld vir die oprigting van tien van hierdie sentrale skole op die begroting voorsiening gemaak.[29]

Op 'n skoolraadskonferensie[30] is ronduit verklaar dat die Onderwysdepartement die plattelandse skoolgeboue verwaarloos, omdat daar te veel getalm word met die goedkeuring en oprigting van die geboue, die verkryging van terreine, statistiese gegewens en geskikte huurlokale.

Ingevolge van 'n vergunning van die Minister van Publieke Werke en die Koloniale Sekretaris sou skoolrade egter voortaan die beheer oor gehuurde geboue oorneem.

Wat die oprigting van nuwe geboue betref, moes die gemeenskap besef, dat daar nie hals-oor-kop te werk gegaan kon word nie, omdat baie nuwe geboue opgerig moes word. Die prosedure was min of meer soos volg: Die skoolrade het elke jaar 'n opgawe van benodigde nuwe geboue by die Onderwysdepartement ingedien en nadat die Onderwysraad hierdie opgawe gekeur het, is dit aan die Minister voorgelê vir oorweging, in die lig van die totale uitgawe vir publieke werke. Hierdie program vir onderwyswerke is dan aan die Parlement vir goedkeuring voorgelê.

Enige vertraging wat na die goedkeuring van die gebou nog voorgekom het, is gewoonlik aan die oordrag van die standplaas toegeskryf. As die Onderwyswet (88) egter so gewysig kon word, dat onteiening[31] daardeur vergemaklik kon word, sou daar 'n groter besparing in tyd gewees het.

Adamson het egter gemeen dat daar in werklikheid

---

29. T.O.D. Jaarverslag 1908, 8.
30. Notule: T.O.D. Jaarverslag 1909, 167 tot 177.
31. T.O.D. Jaarverslag 1908, 14.

nie veel grond vir klagtes bestaan het nie, veral as in aanmerking geneem word dat daar in twee en 'n half jaar £620,903 bestee is aan die oprigting van 'n universiteit, 'n normaalkollege met koshuise, 68 onderwyserswonings,[32] en die verskaffing van plaasruimte vir meer as 1,000 middelbare en 20,000 laerskoolleerlinge. Die welslae van die onderneming was egter ook afhanklik van die samewerking en ondernemingsgees van die skoolrade:

> "It is noticeable, however, that the rate of development in any particular district is proportional to the Board's activity."[33]

Die skoolraadsgebiede wat tevrede was om te wag op die oprigting van regeringsgeboue was beter daaraan toe as die wat 'n stelsel van privaat-opgerigte huurgeboue voorgestaan het.

Die skoolgeboue op die platteland het aan die doel beantwoord, hoewel daar ter verbetering en veral met die oog op byeenkomste,[34] verskuifbare afskortings aanbeveel is.

Die naweë van die oorlog kon in hierdie verband veral op die platteland bespeur word. Die goedgekeurde geboue kon ten gevolge van materiaalskaarste en 'n besparingsveldtog nie opgerig word nie. Hoewel die 1915-16 begroting vir die oprigting van 600 plattelandse skoolgeboue voorsiening gemaak het, kon daar nie tot die bouery oorgegaan word nie. In 1919 het die agterstand in laerskoolgeboue reeds £1,500,000 beloop, terwyl daar met baie goedgekeurde geboue nog nie eers 'n aanvang gemaak is nie.

Die toewysing vir geboue sou voortaan volgens die inskrywing vasgestel word:

33. T.O.D. Jaarverslag 1912, 69.

| Streek. | Inskrywing leerlinge. | Verhouding. |
|---|---|---|
| Johannesburg en Rand | 35,753 | 5 |
| Plattelandse skole | 38,151 | 5 |
| Plattelandse dorpe | 11,924 | 2 |
| Pretoria | 7,724 | 1 |

> "School population is the only fair and equitable basis of allocation," ....."[35]

In 1920 het die aansoeke om geboue £2,500,000 beloop en byna die helfte van hierdie bedrag was vir laerskole benodig. Die bouprogram was egter toe reeds sover agter dat hierdie begroting nie eers voor die Provinsiale Raad gelê is nie. Teen 'n gemiddelde uitgawe van £300,000 per jaar sou dit meer as 10 jaar neem om in die bestaande behoeftes te voorsien.

Boukontrakteurs het skole op die platteland gedurende 1920-21 teen die volgende skedule-pryse gebou:

Skole vir 32 leerlinge £800 of £25 per leerling;
Skole vir 56 leerlinge £1,344 of £24 per leerling;
Skole vir 96 leerlinge £2,016 of £21 per leerling.

Vir skole met hoër inskrywings het dit op £28 per leerling te staan gekom.

In 1921 het Adamson met sy hande in die hare gesit terwyl die inspekteursrapporte vol klagtes was. In Pietersburg is die toestand as kronies en in die Suid-Westelike kring as haglik beskryf:

> "..... pupils are housed worse than animals."[36]

Die inskrywings het jaarliks gestyg en skoolrade het lang lyste van aansoeke om geboue ingedien, hoewel daar min gedoen kon word om selfs die agterstand in te haal.

> "It is a problem which can be solved only by large measures, and it is certainly the most urgent and pressing problem at the moment."[37]

---

34. Sien tipes: Die planne: T.O.D. Jaarverslag 1910,368...
35. T.O.D. Jaarverslag 1919, 31.
36. Ibid 1921, 13 en 106.
37. Ibid 1921, 26.

Hierdie toestand moes egter volgens Adamson nie as 'n agteruitgang beskou word nie, want in die afgelope tien jaar is daar tog veel tot stand gebring.

> "And if the Province to-day is compared with what it was a decade ago, there is unquestionably every ground for optimism."[38]

In 1922 het die boukoste reeds begin daal en ten gevolge van 'n wysiging in die Finansiële Verhoudingswet[39] is die bedrag wat onder kleinere werke bestee kon word van £500 tot £1,000 vermeerder. Dit het die werksaamhede versnel, veral wat die platteland betref.

Die oprigting van nuwe geboue was egter 'n tydsame taak, want dit was beperk tot en afhanklik van die leningsfonds wat die Unieregering beskikbaar gestel het. Op die platteland moes die toevlug dus noodwendig tot gehuurde geboue geneem word en hulle was in die meeste gevalle onverkrybaar of ongeskik vir onderwysdoeleindes. Gewoonlik het die vereiste sanitêre geriewe[40] ontbreek.

(ii) <u>Dorpe en stede</u>.

Waar op die platteland uitsluitend vir laeronderwys voorsiening gemaak moes word, moes daar in die plattelandse dorpe ook geboue vir middelbare onderwys opgerig word. Die middelbare klasse aan sodanige skole was eintlik buitengewone vergunnings en die geboue het dan ook nie uit veel meer as die vir laeronderwys bestaan nie.

In die provinsiale dorpe, die Rand en Pretoria kon 'n meer permanente beleid gevolg word, want dorpe verdwyn in die reël nie. Tydelike geboue moes dan ook slegs as 'n noodmaatreël beskou word. Die dorpe was in 'n groot mate nie van die sentralisasie-skema, koshuise

---

38. T.O.D. Jaarverslag 1921, 26.
39. Ibid 1922, 7 tot 8.
40. Onder andere Verslag Provinsiale Onderwyskommissie (1917), 1920, 35.

en 'n beursstelsel vir laeronderwys afhanklik nie. Die enigste omstandigheid wat die oprigting van skoolgeboue in hierdie geval beheer het, was die geldelike, want die bouplanne van laerskole van 48 tot 600 leerlinge is reeds in 1910 gestandaardiseer.[41]

Die voorgeskrewe gebou het 'n hoë sinkstaandak, sewe vensters en twee deure per klaslokaal gehad en was van 'n oordekte stoep voorsien. As die inskrywing die 100-kerf bereik het, is in plaas van die hoedehakke op die stoepe afsonderlike hoedekamers vir seuns en dogters beplan en is 'n personeel- en 'n voorraadkamer bygevoeg. As die inskrywing 175 leerlinge was, is 'n verskuifbare afskorting aangebring terwyl die skoolsaal met sy lugtorinkie sy verskyning gemaak het as die inskrywing 250 leerlinge was. In die stadium is die enkel ry kamers omgebou tot 'n vierkant met 'n gerieflike toegang tot die saal wat 'n deel van die hoofgebou was. Die personeel- en voorraadkamers is ook tot twee vermeerder en oordekte toegange is aangebring.

Hierdie pragtige geboue is vandag nog in die meeste ouerige dorpe van die Transvaal te sien.

Dit het egter nie altoos so goed gegaan nie. Dit was een saak om die bouplanne te standaardiseer maar 'n heel ander saak om al die vereiste geboue op te rig, want die bouprogram het nie alleen groot bedrae vereis nie maar is ook grootliks vertraag deur die oorlog, die beleid van „carry-on" en besparing.

Die inspekteursrapporte meld die volgende in verband met die vooruitgang en toestande in verskeie dorpe:

> "At <u>Lydenburg</u> the children are housed in two buildings, the Agricultural Hall and the Dutch Reformed Church, ....."

41. Sketsplanne: T.O.D. Jaarverslag 1910, 368....

> Heidelberg: "Improvement is manifesting itself in this respect, ....."
>
> Johannesburg & Rand: "New permanent buildings have been opened ....."
>
> Klerksdorp; Wolmaransstad-Lichtenburg: "The town schools in this circuit are now excellently well housed ....."
>
> Potchefstroom-Krugersdorp: "..... at present some 2,000 children of whom only 650 are accommodated in worthy quarters."
>
> Pretoria, Middelburg: "Generally in towns, at mines, factories, or considerable villages, the buildings are satisfactory ....."
>
> Pretoria Town: "No less than six new schools have been built ....."
>
> Volksrust-Ermelo: "Among the town schools, however, the buildings ... ... require alterations ....."
>
> Pietersburg: "On the completion ... ... of the school building at Pietersburg, there will be set free for disposal to outlying farms three excellent wood and iron buildings ....."[42]

In 1911 het Adamson die vooruitgang soos volg beskryf:

> "Very good progress has been made in providing adequate primary school buildings ..... when the present program of works is completed, there ought to be few places where a good school building is not accessible."[43]

En in 1912 is daar reeds groot vooruitgang gemaak.

> "Pretoria and the provincial towns may be said to be practically provided with school accommodation."[44]

In hierdie stadium het die ontwikkeling van die Randse goudmyne soveel mense gelok, dat die tekort aan klaskamerruimte ook daar veel aandag vereis het. Die ontwikkelingsgang was van so 'n aard dat 'n mens nooit noukeurig kon bepaal of die uitbreiding tydelik of permanent sou wees nie en dit was dus moeilik om oor die

42. Inspekteurs rapporte, T.O.D. Jaarverslag 1907, 43 tot ∠93.
43. T.O.D. Jaarverslag 1911, 28.
44. Ibid 1912, 70.

gehalte van die geboue te besluit. Aan die Wesrand, waar die ontwikkeling meer permanent was, was die belangrikste taak om hout-en-sink geboue deur permanente geboue te vervang. Op die Oosrand was die taak egter moeiliker, omdat daar uit die aard van die saak nie oor die grootte en gehalte van die geboue besluit kon word nie.

> "..... and yet no sooner is accommodation provided than a further demand arises. It seems indeed, impossible to keep pace with developments and requirements in this part of the Province with the funds that have so far been at disposal, liberal though the amount has been."[45]

Op hierdie tydstip[46] is oorweeg om die inskrywing vir laerskole op hoogstens 450 tot 500 leerlinge vas te stel omdat gemeen is dat 'n groter sametrekking van leerlinge nie opvoedkundig doeltreffend kon wees nie. Sodra skole hierdie inskrywing bereik het, moes die stigting van 'n nuwe skool in 'n ander deel van die dorp oorweeg word.

'n Verdere gevolg van hierdie abnormale styging in die aantal leerlinge was die gedurige vraag na aanbousels. Aangesien die prosedure hiervoor omslagtig was, is daar oorgegaan tot die oprigting van tydelike hout-en-sink of die knap-betonsteengeboue.

Teen hierdie tyd het die Eerste Wêreldoorlog ook reeds sy invloed op die boukoste laat geld:

> "The position with regard to accommodation is as serious at the secondary stage as at the primary."[47]

Aangesien bou-toewysings vasgestel is volgens die inskrywing van leerlinge was Johannesburg en Pretoria op slegs sesdertiende en die plattelandse dorpe op tweedertiende van die beskikbare Uniale leningsfonds geregtig.

45. T.O.D. Jaarverslag 1913, 13.
46. Ibid 1913, 13.
47. Ibid 1917, 59.

Dit was gerusstellende nuus toe boukoste in 1922 reeds begin daal het.

> "Progress in respect of the provision of new Government buildings has, on the whole, been slow, owing to the slow rate at which money from loan funds has been made available. The East Rand is a notable and necessary exception ..... In the near east ..... the building equipment for present requirements may be said to be in a satisfactory position on the whole. School halls are wanting in most of the newer buildings (an educational gap which should be filled as soon as possible), some of the hired premises are very bad - they are being replaced as funds permit - and further centres for manual training and cookery are badly needed. On the whole, however, and taking into account the fact that the system is not yet a quarter of a century old, the Province should be satisfied with the position of the larger urban centres as regards primary school buildings. The position in the smaller urban centres ..... it is still necessary ..... to make use of unsuitable hired buildings, such as churches, halls of various sorts, and shops; school halls are in many instances lacking; ..... On the other hand it is certainly true that the majority of pupils are well housed. In the country it is essential to proceed more cautiously in erecting permanent buildings and to hire until the permanent existence of a school appears to be guaranteed."[48]

> "..... a just balance has been observed and maintained as between the larger urban centres on the one hand and the smaller urban centres and the country on the other ....."[49].

(b) <u>Middelbare onderwysgeboue</u>.

> "It is not possible to create a high school by the stroke of a pen. A school is a mental or spiritual entity in essence, of course, but its embodiment in suitable classrooms, laboratories, and playing-fields is a first condition of its effective existence and development."[50]

48. T.O.D. Jaarverslag 1923, 51 tot 52.
49. Ibid 1923, 52.
50. Ibid 1920, 12.

Die onderskeie inrigtings wat vir middelbare onderwys voorsiening gemaak het was soos volg:-[51]

| | |
|---|---|
| Hoërskole .................... | 17 |
| Voorbereidende normaalkolleges. | 2 |
| Hoërhandelskole .............. | 3 |
| Ambagskole ................... | 3 |
| Industriëleskole ............. | 2 |
| Huishoudkundeskole ........... | 1 |
| Intermediêreskole[52] ........... | 17 |

Van die bogenoemde inrigtings het die hoërskole, beide akademies en prakties, op verre na die grootste eis aan klaskamerruimte gestel. Die intermediêreskole was tot hul eie nadeel in laerskoolgeboue gehuisves. Die ambag-, huishoudkunde- en industriëleskole was wat geboue en uitrusting betref duur maar die koste aan die geringe aantal inrigtings verbonde het nie veel tot die totale uitgawe bygedra nie.

Toe Adamson diens aanvaar het, was daar slegs ses[53] akademiese hoërskole in Transvaal, drie in Johannesburg, twee in Pretoria en een in Potchefstroom.

> "There is the same cause for satisfaction when progress in respect of secondary school buildings is considered.* Pretoria High School for Boys is occupied; as also the boardinghouses at the Potchefstroom High School. Jeppestown should soon have a splendid secondary school building ready for occupation. Money has been voted for the Johannesburg High School for Boys and the Johannesburg High School for Girls."[54]

Die geboue vir middelbare onderwys is vanaf die begin deeglik en goed beplan. Benewens die gewone administrasiekantore en die klaskamers is daar ook vir laboratoria, biblioteke, gimnasia, werkwinkels, kunslokale en skoolsale voorsiening gemaak.

Die afskaffing van skoolgelde[55] vir die gewone middelbare onderwys het 'n groot toestroming van leerlinge

51. Die 1923 syfers. T.O.D. Jaarverslag 1923, 328.
52. T.O.D. Jaarverslag 1923, 50.
53. Ibid 1906, 87.
54. Ibid 1909, 13.
55. Ordonnansie No. 7 van 1914.

tot die middelbare skole meegebring om 'n groter tekort aan skoolgeboue te veroorsaak. In 1915 was daar reeds tien middelbare skole. In die daaropvolgende jaar het die oorlog verdere uitbreiding gestrem, sodat die aanvraag na middelbare skole in 1918 so groot was, dat die owerheid tien nuwe skole op 1 April moes stig en die jaar met 3,941 leerlinge afgesluit is.

Die laagste en hoogste vereiste inskrywings vir 'n middelbare skool was onderskeidelik 75 en 400 leerlinge. Die aantal standerd VI-leerlinge was hierby inbegrepe. In 1919 het die Uitvoerende Komitee die minimumvereiste vir 'n hoërskool op 100 leerlinge vasgestel en voorts bepaal dat die stigting van so 'n skool op die voltooiing van die geboue moes wag. Hierdie reëling is egter getref nadat daar tien nuwe hoërskole, wat uit laerskole met 'n middelbare afdeling ontwikkel het, in 1918 toegestaan is. Die geld vir nuwe geboue was kapitale uitgawe en moes kragtens die Finansiële Verhoudingswet uit beperkte Uniale leningsfondse verkry word. Van die elf nuwe hoërskole het Adamson in 1921 gesê:

> "..... the existing arrangements are of a makeshift character and in some they are deplorably bad ...... We shall have to draw largely on reserves of courage, patience, and hope."[56]

In 1923 was die inskrywing van Transvaalse middelbare skole soos volg:[57]

| | | |
|---|---|---|
| Hoërskole, akademies: | 10,078 | leerlinge. |
| Hoërskole, handels: | 1,006 | " |
| Intermediêreskole: | 1,867 | " |
| Ambagskole: | 515 | " |
| Huishoudkundeskole: | 316 | " |
| Industriële skole: | 2,230 | " |

56. T.O.D. Jaarverslag 1921, 10 tot 11.
57. Ibid 1923, 68.

(c) Hoëronderwysgeboue: Algemeen.[58]

Die hoëronderwys, dit wil sê na-middelbare onderwys, het vanaf die begin 'n drieledige verdeling ooreenkomstig die aanbevelings van die Transvaalse Kommissie vir Hoër Onderwys (1907) ondergaan.

In 1908 is daar in Pretoria 'n aanvang gemaak met universiteitsklasse vir die onderrig in lettere en wysbegeerte en in wis- en natuurkunde met die oog op die hoëreksamens van die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop. Aanvanklik het die Transvaalse Onderwysdepartement die klasse georganiseer totdat reëlings getref kon word om dit onder beheer van die Raad van die Transvaalse Universiteitskollege te plaas. In 1909 het die studentetal so aangewas dat die klasse van die geboutjie in Schoemanstraat na die ou Staatsgimnasium in Proesstraat oorgeplaas moes word. In die tweede helfte van die jaar het die Transvaalse regering £50,000 vir die oprigting van 'n permanente kollegegebou in die oostelike deel van die stad gestem. In 1910 is 'n selfstandige status aan die inrigting toegeken en op 3 Augustus is die hoeksteen van die teenswoordige gebou vir lettere gelê. Die inrigting sou voortaan die Transvaalse Universiteitskollege heet.

Voortvloeiende uit die aanbevelings van die Kommissie vir Hoër Onderwys het na-middelbare klasse ook in Johannesburg as „Die Suid-Afrikaanse Skool vir Mynwese en Tegnologie" in 1908 tot stand gekom. Hierdie inrigting moes in die behoeftes van die Randse myne voorsien en tegniese studente moes in of naby Johannesburg woon om by die myne as laboratoria te kan werk. Die gewone plattelander was darenteen vir Johannesburg bang en hy

---

58. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 116 tot 119 en 153 tot 157.

sou sy kinders nie na 'n Randse inrigting stuur nie. Hierbenewens was die Normaalkollege reeds in Pretoria gestig en het daar dus twee inrigtings vir hoëronderwys bestaan.

Die derde afdeling, landbou-onderwys, het gedeeltelik in die behoeftes van die platteland voorsien, toe die landbouskool op Potchefstroom in 1909 gestig is. Hierdie onderwys en veeartsenykunde is ook in Pretoria te Onderstepoort verskaf en in 1908 is die geboue aldaar in gebruik geneem.

Die oplossing van die universiteitsvraagstuk het eers in 1916 gekom,[59] toe die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop en ander bepaalde inrigtings in 'n federale universiteit onder die naam Universiteit van Suid-Afrika, met sy setel in Pretoria, omskep is. Die Universiteit van Suid-Afrika het uit 'n aantal „Samestellende Kolleges" elk met sy eie bestuur bestaan. Omdat hoëronderwys egter na 1910 onder Uniale beheer geplaas is, het die Transvaalse Onderwysdepartement nie 'n verdere aandeel aan die voorsiening van geboue vir sodanige inrigtings gehad nie.

(d) Normaalkollegegeboue.

Die belangrikste uitsondering was aanvanklik die opleiding van die groot meerderheid onderwysers(esse). Volgens die ooreenkoms tussen die Unieregering en die Provinsiale Besture sou die opleiding van onderwysers vir die derde- en tweedeklassertifikate aan die Provinsiale normaalkolleges geskied. Die onderwysdepartemente was kragtens hierdie ooreenkoms onder andere verantwoordelik vir die geboue. Die volgende normaalkolleges het in 1921 in Transvaal bestaan:

59. Universiteitswette Nos. 12, 13, 14 van 1916.

| Naam van kollege. | Datum van Stigting. |
|---|---|
| Pretoriase Normaalkollege | September 1902. |
| Johannesburgse Normaalkollege | Januarie 1909. |
| Heidelbergse Normaalkollege | Januarie 1909. |
| Potchefstroomse Normaalkollege | Januarie 1918.* |
| Ermelose Normaalkollege | Januarie 1918.* |

In watter soort geboue het hierdie normaalkolleges begin?

(i) Pretoria.

> "An excellent site in Sunnyside had been secured on which there were two houses, one a modern dwelling house, the other an old Dutch house. Two rooms of this latter were converted into a classroom. The remaining rooms in this house and the dwelling house were occupied by the students and two resident mistresses."[60]

In 1906 was daar egter reeds groot vooruitgang gemaak:

> "The extra buildings planned by Mr. J.E. Adamson, during his Principalship, have been completed. These consist of two new blocks of bedrooms for men students, a large lecture hall and laboratory, and a permanent kitchen connected with the dining hall. Although partly of a temporary character, these additions have contributed much to the efficiency of the College."[61]

Permanente geboue vir normaalkolleges moet aan hoë opvoedkundige eise voldoen. Die terrein moet ruim genoeg wees om ontspanningsgeriewe en sportbedrywighede moontlik te maak. Adamson het die volgende vereistes neergelê:[62]

> "In considering the accommodation connected with the institution three different forms of accommodation have to be kept distinct. These are:-
>
> (i) Teaching accommodation.

* Volle status in 1921 toegeken.

60. T.O.D. Jaarverslag 1903, 52.
61. Ibid 1906, 35.
62. Ibid 1910, 209 tot 210.

(ii) Residential accommodation with playing fields.

(iii) School accommodation for demonstration and practice."

Die onderwysgeboue het uit die volgende bestaan:

(i) 'n Groot vergadersaal wat ook vir demonstrasielesse, swartbord- en tekenwerk gebruik is.

(ii) 'n Klaskamer wat aan die saal verbonde was en vir wetenskap en algemene klaskamerdoeleindes afgesonder is.

(iii) 'n Kleiner saal wat vir algemene doeleindes gebruik kon word.

(iv) 'n Los hout-en-sink klaskamer.

(v) 'n Laboratorium wat aan die saal gebou is en wat vir praktiese plantkunde en insektekunde bedoel was.

(vi) 'n Klaskamer vir lesings in plantkunde en wat ook as biblioteek gebruik is.

Die onderwysgeboue het dus uit vier aparte geboue bestaan. Hierdie toestand was 'n weerkaatsing van die inrigting se ontwikkelingsgang. Van 'n tegnies-opvoedkundige standpunt gesien sou 'n eenheid meer doeltreffend gewees het:

> "The new hall with the adjoining room constitutes an imposing structure which is admirably furnished. A feature of all the rooms is the excellent collection of pictures which have been provided by the subscriptions of students and staff and private donors."[63]

(ii) <u>Johannesburg</u>:

Die Onderwysdepartement was baie dank aan die „South African School of Mines and Technology" vir die gebruik van hul gebou verskuldig.

> "Two classrooms, a staff room, and a principal's room have been placed at the disposal of the department, and the physics lecture theatre is available for assembly and occasionally for class purposes. A science laboratory has been fitted up in one of the wood and iron rooms ..... The roof of the new building is also available in recreation intervals."[64]

---

63. T.O.D. Jaarverslag 1910, 209.
64. Ibid 1910, 203.

Adamson het die hoop gekoester, dat daar spoedig oorgegaan sou word tot die oprigting van nuwe geboue, want daar was baie afdelings in die opleiding van onderwysers wat nie in hierdie geboue verskaf kon word nie. Plaasruimte vir demonstrasiedoeleindes, swartbordwerk, sang, liggaamsoefening en handewerk het nog ontbreek en dit was uiters ondoeltreffend om hierdie werk deur besoeke aan ander inrigtings te verrig. Die kollege het as daginrigting begin, want daar was nie vir koshuise en losies voorsiening gemaak nie.

(iii) Heidelberg.

Aan die Heidelbergse Normaalkollege was 'n losiesinrigting verbonde waar studente van elders ingewoon het.

> "The accommodation which it has been possible to provide for this institution, both for teaching and housing purposes, is of a provisional and temporary character."[65]

Die onderrig is in drie klaskamers en die saal van die Volksskool verskaf, terwyl die praktiese onderwyswerk in die Heidelbergse skole plaasgevind het. Hierdie opleiding was ontoereikend en ongeskik dog nie sonder moontlikhede nie.

> "It may be that the enthusiasm of the staff will create the spirit of the place, but it cannot develop without a corporeal frame."[66]

(iv) Ermelo.

Die gebou het veel te wense oorgelaat. Behalwe 'n smal strokie van 20 vk. jaarts aan die agterkant van die gebou was daar geen ontspanningsterreine beskikbaar nie. Regoor die voorkant van die gebou en slegs deur 'n straat geskei was die magistraatskantoor en die poskantoor.

65. Adamson-verslag 1910; T.O.D. Jaarverslag 1910, 199.
66. T.O.D. Jaarverslag 1910, 199.

Die geraas was baie steurend. Die aangrensende gebou was 'n prokureurskantoor, waar naturelle hulle hangende sake op luidrugtige wyse bespreek het. Daar was geen verwarmingstelsel in die geboue aangebring nie en Ermelo kan soms so koud word dat jy nie kan skryf nie!

(v) Potchefstroom.[67]

Die studente moes in die koshuis van die voorbereidingsskool gehuisves word. Vir die lesings is daar van die verdedigingskamp se hout-en-sinkgeboue gebruik gemaak. Toe die Verdedigingsdepartement in 1922 hierdie geboue vir die huisvesting van kranksinniges nodig had, het die Onderwysdepartement in der haas self hout-en-sink geboue, wat nie eers behoorlik beplan was nie, opgerig. Die terrein was nat en ongesond en die geboue moes betrek word voordat hulle nog voltooi was.

(e) Normaalkollegekoshuise en -sportterreine.

Die damesstudente is in twee koshuise gehuisves, terwyl die mansstudente tydelik in die Residensie, die eertydse woning van die luitenant-generaal van Transvaal tuisgegaan het.

> "The two women's hostels are from every point of view admirable. Each student has a separate bedroom. There are four studies and staff quarters in each hostel. The whole is excellently furnished."[68]

Adamson het die oprigting van beter koshuise vir die mans in vooruitsig gestel en het aan die hand gedoen dat daar rekening met die volgende vereistes gehou moes word:[69]

(i) Elke student moes sy eie slaapkamer hê wat van laai- en hangkaste voorsien is, sodat klere netjies weggebêre kon word.

---

67. T.O.D. Jaarverslag 1919, 14 tot 15.
68. Ibid 1910, 209.
69. Ibid 1911, 142 tot 143.

(ii) Afsonderlike studeerkamers elkeen vir hoogstens 8 studente. Die ameublement moes uit die volgende bestaan: Vier groot vaste tafels; 8 vaste stoele; 4 losstaande stoele; 8 papiermandjies aan hake vasgeheg en boekrakke vir 8 studente.

> "..... and furniture <u>fixed in position</u>;"[70]

> "The studies should be carefully lighted both by sunlight and artificial light."[71]

(iii) 'n Groot ontspanningsaal wat van 'n groot stoep voorsien is met biblioteek en museumkaste langs die mure.

> "Smoking should be allowed here and nowhere else."[72]

Hoe het die normaalkollegegeboue aan die einde van sy dienstermyn daar uitgesien?[73]

> <u>Pretoria</u>: "It is difficult to decide which is the more pressing need at present - the education and administration block, or suitable hostels for men students."

> <u>Johannesburg</u>: "It is with great pleasure that I am able to place on record ..... the betterment of our College surroundings and grounds."

> <u>Heidelberg</u>: In 1912: "..... so that the only accommodation left for us was the old 'bottle store,' and we then had to find accommodation in the English Church Room ....."[74]

> In 1923: "The building of a boardinghouse for female students ..... still remain unsatisfied."

> <u>Ermelo</u>: "The unsatisfactory and, indeed almost impossible conditions continue."

> <u>Potchefstroom:</u> "Even before the college resumed work at the beginning of the year the alarm was given of the danger which threatened our occupation of certain buildings in the Cantonments."

Een van die redes waarom die verbeterings en

---

70. T.O.D. Jaarverslag 1911, 142 tot 143.
71. Ibid 1911, 143.
72. Ibid 1911, 143.
73. Normaalkollege Verslae 1923, 82 tot 91.
74. T.O.D. Jaarverslag 1912, 120.

geriewe wat by die opleidingsgeboue aangebring moes word, vertraag is, is die eise wat middelbare en laeronderwysgeboue aan die geldelike draagkrag gestel het.

4. KOSHUISE EN ONDERWYSERSWONINGS.

Die huisvesting van onderwysers het op die platteland 'n groter omvang as in die stedelike gebiede aangeneem. Op die platteland was niemand eintlik daarvoor verantwoordelik nie en die Onderwysdepartement moes die wonings self laat oprig het. Koshuise was op sowel die platteland as in die stedelike gebiede noodsaaklik en die sentralisasie van laer- en middelbare skole en die opleiding van onderwysers(esse) het die koshuisvraagstuk sterk op die voorgrond gebring.

(a) Koshuise.

Die beleid van sentralisasie en verpligte onderwys het hoofsaaklik drie soorte koshuise laat ontstaan:

(i) Provinsiale koshuise,

(ii) Provinsiale koshuise wat deur plaaslike komitees op eie verantwoordelikheid beheer is.

(iii) Private koshuise wat deur die staat gesubsideer is.

Koshuise was ook om gesondheidsredes in koorsstreke noodsaaklik, aangesien dit nie wenslik was om koorslyers lang afstande in die warm son te laat loop nie.

'n Verdere omstandigheid wat vir die ontstaan van koshuise verantwoordelik was, was die stelsel waarvolgens aan behoeftige en belowende leerlinge, wat nie in die bereik van 'n skool gewoon het nie, losiesbeurse toegeken is.

Wat die algemene ontwikkeling van koshuisgeboue betref kon daar eerstens nie vasstaande reëls en regulasies voorgeskryf word nie, aangesien plaaslike vereistes

en omstandighede in aanmerking geneem moes word. Tweedens het die Transvaalse Onderwysdepartement nie oor 'n onbeperkte kapitaalfonds vir die oprigting van koshuise beskik nie.

(b) Onderwyserswonings.

Die behuisingsvraagstuk op die platteland is in die onderwysgeskiedenis van Transvaal op verskeie maniere opgelos. Die meester op trek is saam met die gesin versorg; die reisende skoolmeester het by die plaaseienaar ingewoon, terwyl sommige meesters self 'n stukkie grond aangekoop en hul eie woongeriewe ingerig het.

Ten gevolge van die invoering van staatsonderwys het die behuising van onderwysers op die platteland staatsverantwoordelikheid geword. Die tekort aan onderwysers (esse) was so groot, dat daar nie verwag kon word dat hulle hulself beskikbaar sou stel op plekke waar geen herberg was nie.

Gedurende die Engelse tydperk na 1900 is 'n onderwyserswoning, wat uit twee slaapkamers, 'n eetkamer en 'n kombuisie, wat aan die agterkant van 'n tweeklaskamerskool gebou is, in vooruitsig gestel.[75] Lug en lig van beide afdelings is daardeur afgesluit. Die losstaande onderwyserswoning wat in die Adamsontydperk op die skoolterrein gebou is, het geblyk 'n beter oplossing te wees.

Ten gevolge van die sentralisasiebeleid wou die Onderwysdepartement nie permanente eenhede aan klein skooltjies toevoeg nie en daar moes dus steeds gewag word totdat die bestendigheid van die skool verseker was. Indien daar dan geld beskikbaar was, is 'n woning gebou.

75. Sien sketsplan: T.O.D. Jaarverslag 1903, 96 - tipe No. 418 en 418A.

Gerieflike woonhuise het steeds goeie en goed gekwalifiseerde onderwysers tot die onderwys op die platteland aangetrokke laat voel en het verplasings tot 'n laagtepunt beperk. Waar die onderwyspersoneel egter van die grondeienaar of die winkelier vir hulle huisvesting afhanklik was, het die bekwaamste onder hulle teruggedeins. Aangesien die plattelandse onderwys hierdeur sou ly, kon die Onderwysdepartement so 'n toestand nie oogluikend laat bly voortbestaan nie. Behuising moes op so 'n skaal onderneem word, dat selfs die bekwaamste onderwysers gewillig sou wees om op die platteland diens te aanvaar. In die reël was dit ook noodsaaklik om huisvesting nie slegs vir die skoolhoof nie maar ook vir die assistente te verskaf. In die opsig is die aanbevelings van die Onderwyskommissie in verband met die grootte en gerieflikheid van die onderwyserswonings van belang:

> "We recommend that the principal's house have at least five rooms, together with kitchen, pantry and bathroom, and that there be attached to the house an extra room, with a separate entrance, for each assistant, and also that where there are three or more assistants, there be a common room provided for them."[76]

Daar is ook 'n stal en 'n karhuis by die hoof se huis aanbeveel!

In die kleiner dorpies en voorstedelike gebiede het onderwyseresse dikwels ook losiesmoeilikhede ondervind. In die openbare losieshuise was daar dikwels nie die nodige stilte wat in belang van hulle werk onontbeerlik is nie. In die groter dorpe het daar natuurlik geen behuisingsvraagstuk bestaan nie, daar onderwysers soos gewone burgers eiendomme kon aankoop.

In 1937 was die behuisingsvraagstuk nog nie opgelos nie en die Onderwyskommissie het aanbeveel dat,

---

76. Verslag Onderwys Kommissie 1920, 36.

> "..... the policy of providing accommodation for teachers where necessary, be continued and developed."[77]


5. BEKOSTIGING VAN SKOOLGEBOUE EN UITBREIDINGSDIENSTE VOLGENS STATISTIESE GEGEWENS.

In die bekostiging van skoolgeboue moet daar hoofsaaklik met twee soorte uitgawes rekening gehou word: Kapitale uitgawes wat die koste van nuwe geboue dek en uitgawes in verband met die instandhouding van bestaande geboue. Die Onderwysdepartement het die skoolrade onder seksie 62 van die Onderwyswet vir die herstelwerk aan skoolgeboue uit hul jaarlikse toewysings verantwoordelik gehou.

Volgens onderstaande grafiese voorstellings van die ontwikkeling van die onderwys in Transvaal, kan 'n begrip gevorm word van die steeds toenemende eise wat aan die Onderwysdepartement gestel is gedurende die tydperk toe Adamson direkteur van onderwys was.

Laeronderwys.


Skaal: 1 blok stel 10,000 leerlinge voor.




77. Report of Provincial Education Commission, 1937, No. 124, T.P.S. - 1939, 198.


## Middelbare onderwys.

Skaal: 1 blok stel 1,000 leerlinge voor.





## Skole.

Skaal: 1 blok stel 100 skole voor.



Personeel.


Skaal: 1 blok stel 1,000 onderwysers(esse) voor.





Kapitale Uitgawe sedert 1910.

Skaal: 1 blok stel £100,000 voor.

(a) Vanaf 1919 tot 1923:




(b) Vanaf 1910 tot 1923:




Wanneer die kapitale uitgawes in oënskou geneem word, moet daar met die regstreekse uitwerking van die Eerste Wêreldoorlog rekening gehou word. Die uitgawes was nie altoos in verhouding met die behoeftes nie maar wel in ooreenstemming met die beskikbare fonds.

Volgens die 1920-21 prysopgawes was die koste van onderstaande dienste soos volg:

Platteland:

| | |
|---|---|
| Skole met 32 leerlinge: | £800 of £25 per leerling. |
| Onderwyserswonings: | £1,450. |
| Handearbeidgeboue: | £1,200. |
| Koshuise: | £12,000 of £250 per kosganger. |

Dorpe:

| | |
|---|---|
| Laerskole: | £33 per leerling. |
| Laerskole, aanbousels: | £28 per leerling. |
| Skoolsale: | £4,800. |
| Handearbeidkamers: | £1,500. |
| Hoërskole met saal en vleuels: | £33,750. |
| Hoërskoolkoshuise: | £15,000. |
| Normaalkollegekoshuise: | £22,000 of £580 per student. |

Die planne en spesifikasies is met die oog op hierdie koste noulettend nagegaan en dit kon nie gesê word, dat daar spandabel te werk gegaan is nie.

> "The essential facts are that building costs have advanced enormously, the school population has grown ..... at a rapid rate, and recently there has been a great development in the secondary area; while the amount available and the rate of building have been altogether inadequate to meet more than a tithe of expanding needs."[79]

~~7.~~ 6. KRITIESE BESKOUING.

Dit sou ver van juis wees om te beweer dat Adamson alleen verantwoordelik was vir die vooruitgang op die gebied van onderwysgeboue. Dit sou ewe-eens foutief wees om sy aandeel as gering te skat. Hy was 'n onderwysdirekteur wat baie gereis het, wat 'n oog vir netheid gehad het en wat self inspeksiewerk by die skole gedoen het. Hierdie ervaring het van hom 'n praktiese beplanner gemaak. Reeds so vroeg soos 1910 het hy buitengewoon

78. T.O.D. Jaarverslag 1920, 27.
79. Ibid 1920, 27.

goeie sketsplanne[80] gereed gehad vir alle groottes van skoolgeboue. Hierdie geboue kan vandag nog oral in Transvaal aangetref word.

Voorts het hy die onderwysstelsel grondig en in die lig van onderwysstelsels in die res van die gemenebes begryp.

Die enigste sigbare prestasie waarmee die onderwys kan spog is sy geboue. Adamson het gunstige kritiek in hierdie verband altyd waardeer.

> "Visitors passing through town and country ..... are struck by the numerous fine buildings, and see everywhere evidence of great - even wonderful - progress in this direction. And if the Province today is compared with what it was a decade ago, there is unquestionably every ground for optimism."[81]

Daar bestaan dan ook geen twyfel nie, dat op die gebied van geboue groot vooruitgang gedurende sy twintigjarige dienstermyn gemaak is.

Hierdie jare was egter nie altoos rustige jare nie. 'n Burgeroorlog sowel as 'n wêreldoorlog het op die unifikasie van Suid-Afrika gevolg en geldskaarste was dikwels aan die orde van die dag. Hy, sy onderwysraad en die uitvoerende komitees van sy tyd moet dus in hul ondernemings in die lig hiervan beoordeel word.

'n Mens sou egter verwag dat Adamson as praktiese onderwysman, 'n komitee sou aanstel van praktiese onderwysmanne met kennis van die natuurlike en aardrykskundige aard van die verskillende streke, om saam met die tegniese personeel in die beplanning en oprigting van geboue te werk.

Selfs vandag nog bestaan hierdie leemte en die tegnici openbaar 'n afsydigheid in weerwil van alle logiese en praktiese oorwegings.

80. T.O.D. Jaarverslag 1910, 368....
81. Ibid 1921, 26.